# DIE HUISGENOOT

*Geïllustreerde Weekblad*

*Onder redaksie van J. M. H. Viljoen*

*Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad*

DEEL XXII, No. 809 — 24 SEPTEMBER 1937 — GEREGISTREER AAN DIE HOOF POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD — PRYS 4d.


## Kunswedstryde en Kompetisie

DIE dertiende kunswedstryd van die Afrikaanse Eisteddfod in Kaapstad, wat so pas agter die rug is, het 'n mens opnuut laat besef van watter groot betekenis die werk van hierdie en dergelike kunswedstrydverenigings in ander dele van die land veral vir die jeug is. Die geesdrif wat in haas elke afdeling van die wedstryde aan die dag gelê is, was werklik inspirerend, en ons glo dat daar baie min deelnemers is wie se geesteslewe nie deur die selfwerksaamheid waartoe hulle self in staat gestel is, of deur die skoonheidsontroering wat daar by hulle opgewek is, aanmerklik verryk is nie. Dit was in die eerste plaas 'n kunsfees vir kinders, met kinders as die middelpunt van die belangrikste deel daarvan, en die gedagte daaraan sal nog lank in menige kinderhartjie weldadig natril.

Daar kom soms oomblikke wanneer 'n mens die indruk kry dat ons volk, na sy bittere stryd vir geslagte aaneen om siel en liggaam aanmekaar te hou, tot 'n groot mate sy gevoel vir skoonheidswaardering verloor het. So iets sou 'n mens bykans nie verbaas het nie, want die ontwikkeling van 'n gevoel vir die skone vereis gunstiger omstandighede as die onafgebroke stryd wat die Afrikanervolk al sedert meer as 'n honderd jaar moes voer nie alleen teen die elemente en op die voorposte van die land nie, maar ook teen magte wat dieper in sy bestaan ingryp as die natuurkragte, waarvan hy ten minste die oorsaak kan begryp en die uitwerking kan waarneem. Word die geleentheid egter geskep om die skoonheidsgevoel te openbaar, dan sien ons telkens dat die kieme daarvan bewaar gebly het, onverwoesbaar soos die doringboom waarvan Totius die taaiheid so aangrypend geteken het.

Die verskaffing van die geleenthede om hierdie sluimerende skoonheidsgevoel te laat ontwikkel, is tot op sekere hoogte die taak van die skool en van die onderwysoutoriteite. Maar omdat die skool uit die aard van die saak nie voldoende voorsiening daarvoor kan maak nie, moet liggame soos die Afrikaanse Eisteddfod en verwante ondernemings in die lewe geroep word om die werk van die skool aan te vul. Dit spreek haas vanself dat die leiding sal uitgaan van die onderwysers, omdat hulle die leerlinge ken en dus die beste in staat sal wees om 'n geskikte sillabus op te stel, die belowendste kandidate was. By baie van die wedstryde was daar net 'n paar persone teenwoordig, en hulle was meestal die ou staatmakers wat 'n mens op elke Afrikaner-byeenkoms sien. Selfs die Pryswinnerskonsert, die hoogtepunt van die verrigtinge, met 'n puik program wat die besoeker 'n mooi geheelindruk van die gehalte van die gelewerde werk gegee het, is maar betreklik swak bygewoon. Sulke onverskilligheid toon, om die minste daarvan te sê, verregaande ondankbaarheid teenoor die klompie toegewyde werkers wat hulle afgesloof het om die uitgebreide werksaamhede van die Eisteddfod te organiseer en so goed van stapel te laat loop.

As geheel was die gelewerde werk van besonder hoë gehalte, en die bestuur kan met tevredenheid terugsien op die afgelope wedstryde. Hier en daar was daar agteruitgang in vergelyking met wat by vorige geleenthede bereik is, maar daaruit te soek en hulle behoorlik voor te lig. Maar dit onthef nie die publiek van die verpligting om sy deel by te dra nie, hetsy deur aktiewe medewerking of by wyse van geldelike bydraes en veral deur die wedstryde by te woon.

Ons wil veral die verpligting van die publiek beklemtoon, omdat die gebrek aan belangstelling in Kaapstad vanjaar besonder opmerklik teenoor het die skitterende prestasies in ander afdelings ruimskoots opgeweeg. In die koorafdeling is daar byvoorbeeld hoogtes bereik wat seker nie maklik oortref sal word nie, en verskeie nuwe afdelings het ook heelwat nuwe talent openbaar. Ongelukkig moet ons nogmaals teleurstelling uitspreek oor die afdeling waarin *Die Huisgenoot* uit die aard van die saak die meeste belangstel, nl. dié vir letterkunde. Die gedigte was uiters swak en die kortverhale nie veel beter nie. In laasgenoemde afdeling was die gehalte so swak dat daar slegs 'n derde prys toegeken kon word. „Die stof was bevredigend, maar die hantering was besonder swak," aldus die verslag; „langdradigheid van vertelling, kleurloosheid van styl, alledaagse opset en ontknoping, slordigheid in spelling en punktuasie het feitlik alle pogings laat verongeluk." Gelukkig is daar werk van 'n hoër gehalte in die afdeling kinderverhale gelewer, waar vier pryse toegeken is. Ons wil toekomstige medewerkers aanraai om eers 'n deeglike studie van die tegniek van die kortverhaal te maak voordat hulle by 'n volgende geleentheid meeding, want dit help immers nie om 'n verhaal aan te pak as hulle nie eens 'n vae begrip het van die eise wat dit aan die skrywer stel nie. As daar voldoende belangstelling is, sal ons aanstaande jaar ook deur middel van *Die Huisgenoot* voorligting help verskaf.

Ons glo dat die werk van die Eisteddfod allerweë gewaardeer word en dat daar seker min Afrikaners in die Skiereiland en selfs in die omliggende dorpe is wat sy agteruitgang nie ernstig sou betreur nie. In sekere kringe bestaan egter te regte of ten onregte die gevoel dat die kompetisiegees in die afgelope jare so skerp geword het dat dit dreig om 'n onaangename verhouding tussen skole en selfs tussen die lede van 'n skool se personeel onderling te skep, en dat hierdie gees 'n ernstige gevaar is vir die voortbestaan van die Eisteddfod. Die saak is op 'n buitengewone vergadering van die Reëlingskomitee aanhangig gemaak, wat dit saam met die hoofde van al die belanghebbende skole in die Skiereiland bespreek het. Gelukkig het uit die samespreking geblyk dat die gevoel as sou die mededinging ontaard het tot onaangename wedywer tussen die skole van die Skiereiland, ongegrond is. Soos by alle ondernemings waar daar om voorrang gewedywer word, was daar wel hier en daar indiwiduele gevalle waar die uitspraak van die een of ander beoordelaar of beoordelares nie tevredenheid gegee het nie; maar die vergadering was eenstemmig van mening dat 'n verandering van die grondslag waarop die Eisteddfod nou ingerig is, ongewens sou wees. Die voorstel om 'n soort kunsfees in die plek daarvan te stel, sal dus hiermee van die baan wees.

Ons aanvaar die mening van die skoolhoofde, maar nogtans voel ons dat daar 'n wesenlike gevaar bestaan dat die jaarlikse mededinging tussen 'n beperkte getal skole uit dieselfde omgewing 'n oordrewe gees van wedywer kan laat ontstaan, waar die verowering van pryse uiteindelik die hoofdoel sal word. Dit sal die verhouding tussen die skole skade aandoen, en in plaas daarvan dat onderwysers en onderwyseresse met verlange uitsien na die aangename samewerking met hul leerlinge aan hierdie belangrike buiteskoolse werksaamhede, sal dit ontaard in 'n senu-uitputtende strewe na volmaakte afrigting ter wille van die prestige wat die skool in die wedstryde kan behaal.

Die middels daarteen sou wees: eerstens, openhartige samespreking tussen die skoolhoofde en die Eisteddfod-bestuur, om enige neiging in hierdie rigting in die kiem te smoor; tweedens, die aanmoediging van die skole van die omliggende dorpe om in groter getalle mee te ding, om sodoende die kompetisie-grondslag te verbreed; en derdens, dat daar nie meer in die pers vermeld word

*(Vervolg op bladsy 95.)*

## D I E P S E E

*Tussen die verre kuste keer ek my en voel*
*hoe sterk die stroming van die water landwaarts spoel:*
*die t'rugweg is my afgeslote — vèr die blou*
*en melkwit weerskyn wat die wolke agter bou*
*oor steilomkranste kus en strand. Die diepsee vóór*
*reik newelgrys na die horison: ek moet daaroor.*

*Hoe lank dat hierdie ongekaarte tog sal duur,*
*dit weet ek nie, of hoe my hand die koers sal stuur.*
*Maar die vrees het van my hart gewyk: ek ken my plig,*
*en vol vertroue sal ek vaar tot vóór die lig,*
*verhelderend deur die digte newel, òp sal straal*
*en ek die voorbestemde hawe sal behaal.*

W. E. G. LOUW.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012